LANDBOUFINANSIERING

In 2009/'10 sal die heersende elektrisiteitskoste van besproeiing nagenoeg R2 700 per hektaar mielies beloop. Indien 'n verhoging van selfs net 20 % in elektrisiteitspryse, herhalend vir die volgende drie jaar, goedgekeur word, sal dié koste tot R4 665 opskiet.

Besproeiingsboere moet skuld beperk

Met min vooruitsigte dat graanpryse sal verbeter, moet produsente wat minder as 100 hektaar mielies onder besproeiing verbou, versigtig wees om hul skuldlas te verhoog.

Ná twee agtereenvolgende seisoene van swak graanpryse en terselfdertyd hoë produksiekoste is veral besproeiingboere wat op graangewasse konsentreer, se kontantvloei tans onder buitengewone druk, sê mnr. Janus Hurter, die landboubesigheid MGK se direkteur wat vir die filiaal Statusfin verantwoordelik is. Laasgenoemde bied onder meer finansiering aan MGK-lede.

MGK, wat veral sake in die besproeiingsgebiede van die Krokodilrivier in Noordwes, die Loskopdam in Mpumalanga (wat Groblersdal en Marble Hall insluit) en Vaalharts in die Noord-Kaap bedryf, se klante is graanprodusente wat gewasse soos mielies, koring en sojabone verbou.

"Volgens syfers afgelei uit kredietaansoeke wat ontvang is en wat deur saadverkope bevestig word, het MGK se besproeiingsboere, gemeet aan die 2008/'09-produksiejaar, in die 2009/'10-produksiejaar nagenoeg 5 % meer mielies aangeplant. Hierdie uitbreiding van mielie-aanplantings geld ook vir sojabone en het ongeag lae produsentepryse plaasgevind," sê Hurter

"Met mielipryse naby aan die gelykspeelpunt van R1 400 per ton vir produksie onder besproeiing beklemtoon dit die feit dat besproeiingsboere min alternatiewe het en noodgedwonge mielies en sojabone móét plant om hul uitgawes ten opsigte van vaste koste te kan nakom."

Dit is voorts interessant dat 'n afwaartse produksiekosteneiging danksy die verlaging van 30 % in kunsmispryse teengewerk is deur die netto invloed van verhogings in die prys van elektrisiteit en talle ander produksiemiddele.

Te midde van dié negatiewe prosesse wat plaasvind, lê die behoud van die boer daarin dat grondwaardes konstant gebly het. Dit verleen sekuriteit wat beskikbaar is om aan finansiers te bied sodat boerdery voortgesit kan word. Omdat lae graanpryse toenemend druk op boere se kontantvloei en dus hul inkomste plaas, bestaan daar egter kommer dat eiendomspryse kan daal. Dit sal die voortbestaan van boere bedreig.

'n Voordeel wat die boer kry deur grond as sekuriteit vir finansiering aan te bied, is dat hy 'n laer rentekoers kry.

In 2009/'10 sal die heersende elektrisiteitskoste van besproeiing nagenoeg R2 700 per hektaar mielies beloop. Dit verteenwoordig die inkomste van bykans twee ton graan. 'n Gemiddelde opbrengs van 10 ton mielies per hektaar word behaal.

Indien 'n verhoging in elektrisiteitspryse van selfs net 20 %, herhalend vir die volgende drie jaar, goedgekeur word en kunsmispryse op die heersende vlak bly, sal hierdie twee produksiemiddele feitlik gelyk aan mekaar wees en sal elkeen die boer jaarliks R4 665 per hektaar kos.

"Dit is nou reeds duidelik dat die boer wie se skuldlas in verhouding tot sy aantal hektaar onder besproeiing redelik hoog is, onder groot druk verkeer. Met min vooruitsigte dat graanpryse sal verbeter, moet boere wat minder as 100 hektaar mielies onder besproeiing verbou, daarom baie versigtig wees om hul skuldlas te verhoog. Sou dit gebeur, sal sulke boere nie hul lewenstandaard kan handhaaf of hul verpligtinge kan nakom nie," sê mnr. Johan Fourie, bestuurder vir finansiering by Statusfin.

Tans is daar reeds groei in boere se behoefte aan finansiering. Landboubesighede ontvang nou aansienlik meer aansoeke as enkele jare gelede. Indien mielipryse tot R2 000 per ton sou styg, sal hierdie prentjie egter binne enkele produksiejare drasties vir die boer verbeter.

"Finansiering is nogtans eintlik 'n goedkoop koste om volhoubaar te bly boer en veral horisontaal uit te brei. Dit is veral belangrik om in ag te neem dat landboubesighede doeltreffend daarin slaag om beter pryse en betalingsvoorwaardes namens boere op sekere produksiemiddele te beding. Sulke voordele word na die boer deurgegee en verbeter dus sy mededingende voordeel," sê Fourie.

Veral koringboere trek tans noustrop. Die grootste deel van die probleem is die lae koringprys. Dit lyk nie of die vooruitsigte vir die komende produksiejaar beter gaan wees nie. Die produksiekoste vir besproeiingskoring wat vanjaar aangeplant gaan word, kom op R9 200 per hektaar te staan. Dit sal dus nie maklik wees om lonende produksie te handhaaf nie, sê Hurter.

Met die belangrike damme in besproeiingsgebiede wat almal vol is, is daar goeie vooruitsigte vir normale produksietoestande en koringopbrengste.

"Bemarkingstrategie, veral met die lae heersende pryse, is een van die enigste aspekte wat verder deur boere opgeknap kan word om volhoubaar te produseer. Dit is veral belangrik dat 'n strategie gevolg word sodat produksiekoste gedek sal wees. Daarby moet boere seker maak dat hulle sake doen met erkende graankopers en nie met mense wat oornag wegraak nie. Sulke gevalle kom steeds voor en berokken onberekenbare skade," sê Hurter. L